

## HOOFSTUK 4

### DIE GEREFORMEERDES IN PATAGONIË

So ver vasgestel kan word, het daar geen lidmaat van die Gereformeerde kerk met die trek van 1902 saamgegaan nie.<sup>1)</sup> Die trek van 1903 het ook bestaan uit slegs lidmate van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika.<sup>2)</sup> Die eerste Gereformeerdes het in 1904 in Argentinië aangekom, saam met die trek van D.M. Bresler. Hierdie mense het hulle gevestig in die omstreke van San Martin, ± 600 myl noord-wes van Comodoro Rivadavia.<sup>3)</sup> Die enigste kontak wat ds. Jacobs met hulle gehad het, was op sy deurreis na die Boere in Chubut, in die suide van Argentinië.<sup>4)</sup> Ons weet ook van net 'n sekere br. Lombaard onder hierdie groep, wat lidmaat van die Gereformeerde kerk was.<sup>5)</sup> Of die Steenkamps wat van Burgersdorp afkomstig was, ook aan die Gereformeerde kerk behoort het, kan nie met sekerheid vasgestel word nie.<sup>6)</sup>

Dit was eers in 1905 dat 'n groot getal Gereformeerdes hulle onder die Visser/Venter-trek bevind het. Ds. Vorster skryf dat: „vir die grootste gedeelte het hierdie mense aan die Geref. Kerk van Suid-Afrika behoort!”<sup>7)</sup>

Volgens die eerste beskikbare statistiek, het dit geblyk dat daar ongeveer 83 belydende lidmate van die Gereformeerde kerk was en so is daar verder geskryf:

- 
- 1) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,3/2, Lidmaatregister, Chubut 1902 - 1938.
  - 2) „Ons Land”, 26 Jan.1904, art. deur ds. L.P. Vorster.
  - 3) 'n Dominê, a.w., p.143.
  - 4) Ibid., p.143, 145.
  - 5) Ibid., p.143.
  - 6) Ibid., p.145.
  - 7) Die Kerkblad, 20 Maart 1928, „Die Afrikaners in Chubut” - artikel deur ds. L.P. Vorster.

„als hier aanneming gehouden word, sal ons 'n hele paar meer wees".<sup>8)</sup> Ten opsigte van die lidmate van die N.G. Kerk, was daar nie 'n groot verskil in getalle nie. Ds. Jacobs skryf: „Er waren byna evenveel leden van de Geref. als van de N.G. Kerk".<sup>9)</sup> Hy noem dan dat daar 84 belydende lidmate van die Gereformeerde kerk is en 146 belydende lidmate van die N.G. kerk.<sup>10)</sup>

Vanwaar het hierdie lidmate van die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika gekom? Volgens beskikbare registers, het hierdie mense vanaf Burgersdorp, Bethulie, Fauresmith, Middelburg (K.P.), Philipstown, Reddersburg en Venterstad gekom.<sup>11)</sup> Onder hulle was daar verskeie oud-kerkraadslede o.a. P.H. Henning, Freek Venter, Adriaan Venter van Barkley-Oos, Gerrit Kruger, S. Venter, e.a.<sup>12)</sup>

Dat daar onder hierdie mense diep godvrugtiges was, spreek duidelik uit die volgende beskrywing van die afskeid van sommige van hulle familielede en vriende op die plaas „Beschuitfontein" net buite Venterstad: „ouderling H.B. Kruger las psalm 23 en 24 voor, sprak eenige woorden naar aanleiding van het voorgelezene en gaf de vertrekkenden als een troost en bemoedigend woord mede het 8ste vers van psalm 32. Na hem spraken de heeren J.J. Kruger en P.L. Pretorius op gevoellvolle wijze, waarna de heer Frans Kruger met een toepasselijke rede en een hartroerend gebed sloot, den

---

8) „Het Kerkblad", 1 Julie 1907, „Brief uit Argentinië", 22 Februarie 1907.

9) Die Kerkbode, 30 Maart 1911.

10) Ibid.

11) G.K.A. - Comodoro Rivadavia, Lidmaatregister, N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,3/2.

12) „Het Kerkblad", 1 Julie 1907, Briewe uit Argentinië.

Allerhoogste om Zijn leiding, bewaring en beskerming smeeke, en dat het Hem mocht behagen hen tot een grooten zegen ter uitbreiding van Zijn koninkrijk aldaar te stellen. Zijn zoon Hendrik trad daarop naar voren en dankte in aller naam de ouders voor wat ze tot hiertoe voor hen geweest waren, de vrienden voor hunnen tegenwoordigheid en sloot met een toepasselijk gedicht, door hem self vervaardigd. Ouderling Kruger liet toen zingen Psalm 122 vers 3 en Psalm 134 vers 3".<sup>13)</sup>

Die feit dat die groep wat uit Burgersdorp vertrek het, die aand voor hulle vertrek 'n diens in die Gereformeerde kerk Burgersdorp gehou het, getuig ook van die vroomheid van hierdie mense.<sup>14)</sup> Daar was egter ook mense onder hulle wat „niet by uitstek kerkmensen" was nie. Ja, so skryf ds. T. Hamersma: „Tussen ons gezegd, waren de meeste vrienden die van Philipstown uit mijn gemeente naar Argentina getrokken zijn niet by uitstek kerkmensen. 'n Enkele wel, maar de meesten niet en daar kan u niet 'n sterke gemeente uit opbouwen".<sup>15)</sup>

Voor die vertrek van hierdie mense uit Kaapstad het ds. Vorster, wat hulle kom afsien het<sup>16)</sup> vir hulle 'n diens in die Duitse kerk in Langstraat gehou. Hy het hulle vermaan om nie hulle Protestantse geloof in die Roomse land prys te gee nie.<sup>17)</sup> Hy het die Gereformeerdes „ten opsigte van die kerk aangeraai om onder sekere voorwaardes, hulle by die daarbestaande gemeente

---

13) G.K.A. - Buenos Aires, Kerkblad voor Zuid-Amerika, Jrg. 4, no. 44, Oktober 1930.

14) Henning, P.H., a.w., p.4.

15) G.K.A. - Buenos Aires, ds. Hamersma, T., 'n Brief - 31 Julie 1928 aan ds. A.C. Sonneveldt.

16) Die Kerkblad, 20 Maart 1928, p.480, Die Afrikaners in Chubut, ds. L.P. Vorster.

17) Henning, P.H., a.w., p.9.

te voeg om rede dit toe 'n selfstandige gemeente, sonder enig kerkverband was".<sup>18)</sup> Die „daarbestaande gemeente" waarvan ds. Vorster hier praat, was natuurlik die gemeente wat hy op 13 September 1903 aan boord van die „Cornwall" gestig het.

Geen getuienis kon verkry word of die lidmate van die Gereformeerde Kerk wel hierdie advies van ds. Vorster opgevolg het nie, behalwe dit wat hy self hiervan sê, nl. dat „uit wat ek later verneem het, is dit ook so gebeur".<sup>19)</sup>

Op 5 Desember 1905 het die trek waarop die Gereformeerdes was, by Comodoro Rivadavia aangekom,<sup>20)</sup> en het hulle blykbaar 'n kerklike tuiste gevind in die „Gemeente Chubut". Of daar sedert die aankoms van hierdie mense tot en met die koms van ds. Jacobs in Januarie 1907 enige dienste gehou is onder leiding van die kerkraad van die „Gemeente Chubut" is aan ons nie bekend nie. Tydens die stigtingsvergadering van die „Gemeente Chubut" op 13 September 1903 is daar besluit „om indien nodig, later naar bevind van zaken als men in Chubut aangekomen is het getal (ouderlinge en diakens) te vermeerderen".<sup>21)</sup>

Met die aankoms van die trek in Desember 1905, is die getal persone in die Boerekolonie aansienlik vermeerder. Tog bemerk ons dat daar nie op bogenoemde besluit terug-

---

18) Die Kerkblad, 20 Maart 1928, p.480.

19) Ibid.

20) Henning, P.H., a.w., p.22.

21) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80, 1/1, notule 13 Sept. 1903.

gekom is nie. Die kerkraad is nieteenstaande die vermeerdering in lidmatetal van die kolonie, nie vergroot nie.

Al is daar nie van die Gereformeerde broeders op die kerkraad van die „Gemeente Chubut” verkies nie, het hulle hulle verantwoordelikeheidsin en roepingsbewustheid nie versaak nie, want so is daar berig: tot op die oomblik<sup>22)</sup> het twee oud-ouderlinge en een oud-diaken van die Gereformeerde kerk met dienste gehelp, t.w. ouderlinge Freek Venter en Adriaan Venter van Barkley-Oos en diaken Gerrit Kruger.<sup>23)</sup>

#### 1. Die Gereformeerdes en die Kolonia Boera Gemeente

Kort na die aankoms van ds. Jacobs in Chubut, is daar op 14 Februarie 1907 'n gemeentevergadering opgeroep op die plaas „Grand Kanedon”.<sup>24)</sup> Die vergadering is beskryf as 'n „vergadering bestaande uit leden van die Geref. en N.G. Kerken”.<sup>25)</sup> Uit die name wat op die persensielys verskyn, blyk dit egter dat daar slegs 5 Gereformeerdes teenwoordig was, t.w. Freek Venter, P.H. Henning, Adriaan Venter, Gerrit Kruger en J. Henning.<sup>26)</sup>

##### 1.1. Die weë van Gereformeerdes en Ned. Gereformeerdes gaan uiteen

Uit die notule blyk dit, dat hierdie Gereformeerdes ten volle keurstem op die vergadering gehad het,

---

22) Dit is: met die aankoms van ds. A.J. Jacobs, want die brief is ged. 22 Februarie 1907, dus 8 dae na die stigting v/d „Gemeente Kolonia Boera”.

23) „Het Kerkblad”, 1 Julie 1907.

24) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule 14/2/1907.

25) Ibid.

26) Die heer Tjaart van der Walt was ook teenwoordig en het op hierdie stadium nog as 'n Gereformeerde lidmaat bekend gestaan, maar soos in hoofstuk 1 geblyk het, het hy reeds met die Gereformeerde Kerk gebreek, daarom noem ons sy naam nie nou hier by die van die Gereformeerdes nie.

sonder dat vooraf daaroor besluit is. Die eerste punt onder bespreking was: „de organizering van de gemeente in Chubut”.<sup>27)</sup> Reeds by die bespreking van hierdie eerste punt, het die weë van die Gereformeerdes en die Nederduits Gereformeerdes begin uiteengaan. Ons lees in die notule: „de hele vergadering was eenparig voor de stichtin van een gemeente, uitgesonderd twee die buite stemming gebly het”.<sup>28)</sup> In potlood is aan die kant van die notule 'n aantekening gemaak dat die twee wat buite stemming gebly het, Gert Kruger en A. Venter was, dus twee Gereformeerdes. Of hulle van mening was dat dit nie nodig was om oor die stigting van 'n gemeente te besluit nie, aangesien daar reeds 'n gemeente bestaan het, kan nie met sekerheid vasgestel word nie. Hoe dit ook al sy, hulle het probleme voorsien en wou hulle nie kompromiteer nie. Die probleme het egter nie uitgebly nie want pas nadat oor 'n naam vir die gemeente besluit is, het die punt van „affiliatie” ter sprake gekom.<sup>29)</sup>

Die volgende voorstel is hierop ingedien: „Deze vergadering bestaande uit leden van de Geref. en N.G. kerken van Zuid-Afrika, wenst te affilieren aan de N.G. Kerk van de Kaap Kolonie, Z.A.”<sup>30)</sup> Hierdie voorstel het die Gereformeerdes onmiddellik in 'n baie moeilike posisie laat beland. Dit het, soos ds. Lückhoff dit stel, neergekom op „samesmelting”<sup>31)</sup> waardeur die Gereformeerdes hulle identiteit sou moes prysgee. Deur die aanvaarding van hierdie besluit, sou hulle volwaardige

---

27) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule 14 Febr.1907.

28) Ibid.

29) Ibid.

30) Ibid.

31) Lückhoff, ds. A.D., a.w., p.28.

lidmate van die N.G. Kerk van die Kaapkolonie word. Hierteen het die heer F. Venter die volgende conra-voorstel ingedien:

„Deze vergadering bestaande uit leden van de Geref. en N.G. Kerken van Zuid-Afrika, besluit met het oog op eensgezindheid een selfstandige kerk hier te lande te stichten — zuiver Gereformeerd, d.i. in de algemene zin van het woord — sonder connektie, met dien verstande om zo spoedig mooglik verband te zoeken by de een of ander zuiver Gereformeerde kerk".<sup>32)</sup>

Hierna is daar die volgende voorstel (sal ons dit 'n kompromie-voorstel noem?), deur die heer P.H. Henning, ook 'n Gereformeerde, ingedien: „Daar er hier te lande vrees bestaat dat bij ons alle Gereformeerde beginselen kunnen uitsterven besluit deze vergadering eenparig leden te worden van de gestichte gemeente alhier en de punten van verschil tussen N.G. en Geref. uit te stellen tot later".<sup>33)</sup>

Ds. Jacobs het ook daarop gewys: „dat twee elementen zo as de Geref. en N.G. hier zijn niet zo maar met eens in een kunt smelten. 't zou dus goed zijn de tyd af te wachten en dan later van affilieren te spreken".<sup>34)</sup>

Hierna het br. Henning en Venter geleentheid gekry om hulle voorstelle toe te lig, maar hoe daar ook al ge-  
poog is om 'n breuk af te weer, dit was alles tevergeefs. Die voorstel waarin die wens uitgespreek is om met die N.G. Kerk in die Kaapkolonie te affilieer, is met 'n

---

32) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule 14 Febr.1907.

33) Ibid.

34) Ibid.

meerderheid van 16 stemme aanvaar.<sup>35)</sup> Die poging om die Gereformeerde kerk op hierdie wyse tot die Ned. Geref. Kerk oor te bring, was dus 'n mislukking.<sup>36)</sup> Want dit is duidelik, so skryf ds. Vorster „dat hierdeur 'n verandering in die status van die gemeente gekom het. En ek kan heel goed begryp in watter moeilike posiesie die lidmate van die Gereformeerde kerk hulle bevind het.“<sup>37)</sup> Sou die Gereformeerdes nou verder saamgaan, beteken dit dat hulle lidmate sou moes word van die N.G. kerk. Hier-voor het hulle nie kans gesien nie. Dit was 'n te haastige en vinnige besluit. Die gevolg was dat slegs twee lidmate t.w. P.H. Henning, later die skoonvader van ds. Jacobs en Tj. van der Walt van die Gereformeerde kerk en hulle gesinne, by die N.G. kerk aangesluit het. Wat br. Tjaart van der Walt betref, het ons reeds op sy posisie gewys.<sup>38)</sup> Die res het geweier om aan te sluit, nie teenstaande die feit dat hulle versoek is om dit te doen.<sup>39)</sup> Hiermee word die mededeling van ds. Wasserfall weerlê wanneer hy skryf: „toe (in 1907) het die Gereformeerde minderheid ook (al was dit blykbaar maar net as 'n tydelike maatreël bedoel), aangesluit by hierdie herstigte N.G. gemeente“.<sup>40)</sup>

In Oktober 1906 ontken Gerrit Kruger en J.D. van Vuuren nog steeds dat enige iemand anders van die Gereformeerdes by die N.G. kerk aangesluit het as P. Henning en Tj. van der Walt.<sup>41)</sup> Die Gereformeerdes

---

35) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule 14 Febr.1907.

36) Lückhoff, ds. A.D., a.w., p.54.

37) Die Kerkblad, 20 Maart 1928, p.480.

38) Sien Hoofstuk 1, p.

39) „Het Kerkblad“, 1 Julie 1907, Briewe uit Argentinië, 22 Februarie 1907 en 10 April 1907.

40) „Het Zoeklicht“, Februarie 1928, „Die Afrikaners in Chubut“, deur ds. J. Wasserfall.

41) „Het Kerkblad“, 1 Januarie 1908, 'n Skrywe van G. Kruger en J.D. van Vuuren, ged. 6 Oktober 1907.

het dus nie hulle eie kerkraad gevorm naas die van die N.G. kerk en dan periodiek in 'n "gekombineerde kerk-raadsvergadering" saamgekom nie.<sup>42)</sup> Nee, van die drie Gereformeerde broeders wat op die vergadering van 14 Februarie 1907 tot die ampte verkies is, het br. P. Henning en Tj. van der Walt by die N.G. kerk aangesluit,<sup>43)</sup> en br. Dawie Venter wat tot diaken verkies is, het onmiddellik „bedank”.<sup>44)</sup> Die Gereformeerdes het hulle geheel en al onttrek aan die bediening van ds. Jacobs en hulle eie kerklike sake voortaan self gereël.<sup>45)</sup> Die voorstel wat op die vergadering aanvaar is, het egter wel gelui: „Dese vergadering bestaande uit leden van de Geref. en N.G. Kerke wenst te affilieren ...”<sup>46)</sup> maar geen Gereformeerde het aangesluit (geaffilieer) by die N.G. Kerk in die Kaapkolonie nie.<sup>47)</sup>

„As daar nou ooit onkunde en onverskilligheid aan die dag gelê is”, so konkludeer Conradie, „dan was dit hier, en wel in weerwil van kerkgeskiedenis in Suid-Afrika en die waarskuwing van ds. Jacobs op dieselfde vergadering”.<sup>48)</sup> Die kerkgeskiedenis vanaf 1859 so skryf hy verder, bewys net een onweerleëbare feit: „Die Gereformeerde element — dit gee nie een iota of titel toe nie, egter is dit altyd altyd gewillig en begerig om slegs te neem, toe te eien, te prosliteer! As 'n welgeleerde man en as die persoon die oor die vierhonderd mense, as hulle leier en voorman

---

42) „Het Zoeklicht”, Februarie 1928, „Die Afrikaners in Chubut”, Wasserfall, ds. J.

43) „Het Kerkblad”, 10 April 1907.

44) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule 24 Mrt.1907.

45) Ibid., G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.56.

46) Ibid., G.80,1/1, notule 14 Februarie 1907.

47) Ibid., G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.15

48) Ibid., p.45. Deel II.

hierheen gebring het, het die heer C.J.N. Visser die by ieder mis- of valsstap (hy verwys hier na die affiliasie besluit), die inisiatief geneem het, dit behoort te gewet het helaas, hy het olie en water in een bottel gepeuter en daarna op kerklike gebied die ongemengde dog gebottelde twee elemente aan hulle self oorgelaat".<sup>49)</sup>

## 1.2. Waarom uiteen?

Conradie is dan ook van mening dat die oorsaak van die uiteengaan van die weë van die N.G. Kerk en die Gereformeerdes hier by die vergadering van 14 Februarie 1907, toegeskryf moet word aan „inmenging van Gereformeerde-wege”.<sup>50)</sup> Sy redenering kom hierop neer dat ds. L.P. Vorster se haas om die lidmate van die N.G. kerk in 'n gemeente aanboord van die S.S. Cornwall te organiseer, voorbarig was. Daar het geen noodsaak daarvoor bestaan nie, en het die Neder. Geref. kerk in Chubut net die vrugte van twis en verwarring besorg. Ds. Vorster het met opset 'n „naamlose” gemeente gestig met die idee om die gemeente later in te palm. Die feit dat die gemeente sonder verband bestaan het, en met die vooruitsig dat dit in Gereformeerde verband betrek kon word, het die Gereformeerdes hulle op sy advies by die „Gemeente Chubut” gevoeg. Toe die gemeente nou besluit om te affilieer met die Kaapse N.G. Kerk, het die twis en onenigheid begin.<sup>51)</sup>

Om die onhoudbaarheid van hierdie stelling te bewys, verwys ons na wat in Hoofstuk 2 gesê is oor: „Die stigting van die „Gemeente Chubut”. Dat ds. L.P.

---

49) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.27, 28.

50) Ibid., p.33.

51) Ibid., p.32, 33, ook Deel II, p.17, 18.

Vorster eerlik in sy motiewe was, bewys sy skrywe aan ds. A. Keizer in Noord-Amerika en sy skrywes in „Ons Land" van 26 Januarie 1904. In „Ons Land" skryf hy o.a.: „om nu die menschen sonder eenige kerklijke organisatie te laten, zou voor hun geestelijke en voor hun maatschappelijke welzijn hoogst nadeelig wezen. Ik besloot daarom in overleg met de broeders, hen tot een Gemeente te stichten, vooreerst zonder eenig kerkelijk verband en het dan aan hen over te laten om verband te zoeken met de Ned. Geref. of eenig ander kerkgenootschap".<sup>52)</sup>

Hy was ook feitlik oortuig, dat die N.G. Kerk vanuit Suid-Afrika nie pogings sou aanwend om hierdie uitgewekenes na Argentinië te bedien nie.<sup>53)</sup>

In die loop van die bedieningstyd van ds. Jacobs, het daar wel 'n aantal Gereformeerdes by die „Gemeente Kolonia Boera", soos die gemeente sedert 14 Februarie 1907 bekend gestaan het, aangesluit. Die argiewe vermeld die name van 34 belydende lidmate.<sup>54)</sup> Van hierdie 34 het 4 met hulle troue na die N.G. kerk oorgegaan, 5 het later, daar hulle met hulle ouers as dooplidmate oor is, onder ds. A.J. Jacobs belydenis van die geloof afgelê. Dan was daar ook onder hulle die skoonouers van ds. Jacobs en broeder en suster Tjaart van der Walt.<sup>55)</sup> Van hierdie broeders en susters het 10 na die vertrek van ds. Jacobs, soos ds. Lückhoff opgemerk het, „naar hulle eie kraal teruggekeer".<sup>56)</sup> Maar wat

---

52) „Ons Land", 26 Januarie 1904, art.ds. L.P. Vorster.

53) G.K.A. - Buenos Aires, Brief van ds. Vorster aan ds. A. Keizer, gedateer 17 Maart 1904.

54) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,3/4, Lidmaatregister.

55) Ibid., G.80,3/3, 3/2 en 3/1.

56) G.K.A. - Comodoro Rivadavia, Lidmaatregister, Lückhoff, ds. A.D., a.w., p.29.

het van die ander Gereformeerdes geword? Hulle het intussen vir oud-ouderling Adriaan Venter, vroeër van Barkley-Oos, gevra „om van nu aan voor ons oefeningen te houden”.<sup>57)</sup> Ook het hulle ’n „gemeentevergadering” bepaal om ’n konsulent te beroep.<sup>58)</sup> In die afdeling „Pogings tot eie organisasie”, kom ons hierop terug.

Wanneer Conradie hom verder besin oor die redes van twis en tweedrag onder die Afrikaners in Argentinië, vra hy:

„Vanwaar die onnatuurlike en selfvernielende en verswakkende toestand die nie alleen die kerk nie, maar selfs maatskappelijke omgang en die onderwys-vraagstuk van die Afrikaanse-Protestantse Kolonie uiters moeilik en helaas! skynbaar hopeloos maak!! Die geskiedenis van eeue herhaal homself hier — in byna ’n onmerkbaar minderheid — dat ’n stryd in die kerk altyd bitterder is dan in die politiek, waarlik hier by ons net oor die ouë - alouë twis tussen Gereformeerde en Neder. Gereformeerde, die vrug van 1859 se boomplie geplant deur ’n Postma, ’n Kruger en hul aanhangers — hier by ons klompie Voortrekkers speel die Gesange-kwessie vandag dieselfde rol as wat dit bekleed het daar in die Ou Transvaal onder daardie Voortrekkers — dit skyn ’n onverteerbare erfstuk te wees onder die Afrikaans-Hollandssprekende bevolking van Protestantse-Geloofbelydenis!!”<sup>59)</sup>

Die argiewe vermeld oor hierdie sg. „gesange-kwessie” verder niks nie. Die enigste sinspeling daarop vind

---

57) „Het Kerkblad”, 1 Januarie 1908, Brief gedateer 6 Okt. 1907, Fac et Spera, Gert Kruger en J.D. van Vuuren.

58) „Het Kerkblad”, 1 Julie 1907, Brief uit Argentinië, gedateer 22 Februarie 1907.

59) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80, 10/1. Conradie, F.D., a.w., p.42, 43.

ons in 'n skrywe van ds. Jacobs, waarin hy sê: „Wij stelden de leden van beide kerken op gelijken voet en hebben op sommige punten aan de Gereformeerden toegegeven sodat laatstgenoemde over het algemeen tevreden waren”.<sup>60)</sup> Wat hierdie „punten” was waaraan hulle die Gereformeerdes toegee het, word nêrens vermeld nie. In elk geval, het die „toegee” die Gereformeerdes tevrede gestel. Of een van hierdie punte die sing van die Gesange was, kan dus nie met sekerheid gesê word nie.

In elk geval, wat hulle ook al toegee het, die Gereformeerdes kon a.g.v. die „affiliatie”-besluit nie met die „samesmelting” saamgaan nie. Wat hulle verlang het was „'n selfstandige kerk te lande, zuiver Gereformeerd, d.i. in de algemene zin van het woord — sonder connectie, met dien verstande om zo spoedig mooglijk verband te zoeken by de een of ander zuiver Gereformeerde kerk”.<sup>61)</sup>

Daar was egter nog sake waarmee die Gereformeerdes ontevrede was, maar daaroor handel ons in:

## 2. Die Gereformeerdes en ds. Jacobs

Wat was die gesindheid en ingesteldheid van ds. Jacobs teenoor die werk wat hy in Argentinië moes gaan verrig?

Ons bemerk iets daarvan, pas na sy bevestiging as hy verklaar „dat hij bij het aanvaarden van het gewichtig werk dat hy ging doen, zich vooral ook afhankelijk gevoelde van hun gebeden”.<sup>62)</sup> In afhankelijkheid van

---

60) Die Kerkbode, 30 Maart 1911.

61) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule 14 Febr.1907.

62) Die Kerkbode, 21 Junie 1906, p.301.

God en die mede-gelowiges wil hy die werk dus aanpak.  
Uit Buenos Aires skryf hy verder:

„we baden en spraken erover, dat de Heer de lotgevalle van deze zonen van de Hugenoten zoo bestieren mocht, dat de overplanting van't Gereformeerde geloof ook in dit land mocht zijn tot verheerlijking van Zijnen Naam en tot zegen voor de inwoners van't land ....“<sup>63)</sup>

Wanneer hy die gemeentevergadering op 14 Februarie 1907 toespreek, maak hy melding: „van wat hy meen Gods doel met die Boeren immigranten in Zuid-Amerika is“. Hy wys hulle verder op die wenslikheid van „eensgesindheid en beslissend te zijn waar het de godsdienst geld“. <sup>64)</sup> Hy het dan ook op die stadium gewaarsku teen affiliasie met die Kaapse N.G. kerk. <sup>65)</sup>

Op hierdie stadium was hy ook nie meer onbekend met die standpunt van die Gereformeerdes oor kerklike aangeleenthede nie. Ons verwys in hierdie verband na sy ontmoeting met Lombaard. <sup>66)</sup> Daar het ons baie duidelik gesien dat hy nie die standpunt van Lombaard gedeel het nie, dat hy eintlik geen aanvoeling vir die sienswyse van Lombaard gehad het nie. Nou word hy opnuut met die standpunt van die Gereformeerdes gekonfronteer. <sup>67)</sup> Hy is egter nie nou so uitgesproke as tydens sy ontmoeting met Lombaard nie! Hy het heelwaarskynlik ook dadelik bemerk waarheen sake besig was om te ontwikkel, heelwaarskynlik het hy reeds 'n oog gehad op die dogter van br. P.H. Henning, 'n Gereformeerde, wat ook kon meebring dat hy 'n versigtiger houding teenoor

---

63) Die Kerkbode, 28 Augustus 1906.

64) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule 14 Febr.1907.

65) Ibid.

66) Sien Hoofstuk 3, p.

67) By die gemeentevergadering van 14 Februarie 1907.

die Gereformeerdes en hulle standpunt ingeneem het. Miskien was hierdie milder standpunt bloot diplomatie se optrede! Ja, hy was die Gereformeerdes selfs ter wille, so skryf hy, op sekere verskilpunte.<sup>68)</sup> Tog kon hy die Gereformeerdes nie agter hom kry nie. Want, so skryf Gert Kruger en J.D. van Vuuren: „ds. Jacobs, predikant van die Ned. Geref. kerk is hier, doch het schijnt dat hij geen invloed op ons Geref. uitoefenen kan, en wij zien nog maar altijd met verlangen uit naar een bezoek van een onzer predikanten”.<sup>69)</sup> Genoemde skrywers maak ook daarvan melding dat daar persone is „die hunne kinderen niet willen laten dopen door de Ned. Geref. predikant, die thans hier is”.<sup>70)</sup> En vanuit Buenos Aires het daar ook berig gekom, dat die Gereformeerdes in Chubut beslis weier om hulle met ds. Jacobs te verenig.<sup>71)</sup>

## 2.1. Twee wêreldes

Waarom kon ds. Jacobs geen invloed op die Gereformeerdes uitoefen nie? Het die oorsaak hiervan miskien in sy persoonlikheid gelê? Oor sy persoon is daar baie min geskryf en uit dit wat geskryf is, kan ons ook nie veel aflei nie. Ds. Lückhoff vermeld net dat „die Gereformeerdes onder sy bediening nie gelukkig was nie .... miskien was ds. Jacobs teenoor hulle nie takvol en simpatiek genoeg nie”.<sup>72)</sup> Verdere skrywes maak daarvan melding dat hy onervare was en geen mensekennis

---

68) Die Kerkbode, 30 Maart 1911.

69) „Het Kerkblad”, 1 Januarie 1908, Brief uit Argentinië gedateer 6 Oktober 1907.

70) „Het Kerkblad”, 1 Januarie 1908, Ibid.

71) „Het Kerkblad”, 1 Desember 1908, Brief van ds. J. van Lonkhuijzen, ongedateer.

72) Lückhoff, ds. A.D., a.w., p.28.

besit het nie en dat hy soms nalatig was in die uitvoering van sy pligte.<sup>73)</sup> Tog word die sluier oor hierdie afsydige houding vir ons gelig in 'n berig waarin ons lees:

„Deze Boeren zijn Gereformeerde mense en zij zijn er erg op de bediening des Woords gesteld. Toen zij er pas waren, bieten zij een predikant overkomen uit Zuid-Afrika, maar die man kon het met de Boeren niet vinden en de Boeren konden het met hem niet vinden, want hy was in de leer niet Gereformeerd, maar wat Remonstrants".<sup>74)</sup> Hier het ons hoogs waarskynlik die antwoord waarom ds. Jacobs geen invloed op die Gereformeerdes kon uitoefen nie.

Hierdie Gereformeerdes het inderdaad 'n baie suiwere aanvoeling t.o.v. kerksake gehad. Daarom het br. F. Venter, nadat daar voorgestel is om met die Kaapse N.G. Kerk te affilieer, voorgestel dat 'n selfstandige kerk hier te lande gestig moet word „zuiver Gereformeerd .... met dien verstande om zo spoedig mooglik verband te zoeken by de een of ander zuiver Gereformeerde kerk" (Ek onderstreep - F. de B.)<sup>75)</sup> Hieruit kan ons duidelik aflei, dat hy die N.G. Kerk nie as 'n „zuiver" kerk beskou het nie. Daarom sou ook die predikant vir hom nie 'n verdenking gestaan het nie. Hy word soos ons later verneem deur hulle as „Remonstrants" gekwalifiseer.

Die korrektheid van hierdie kwalifikasie kom vir ons

---

73) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, Ongedateerde brief aan de „Zaakgelastigde der N.G. Kerk in Z.A."

74) „De Heraut", soos aangehaal deur „Die Brandwag", Mei 1915, Van die Editeur.

75) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule 14 Febr.1907.

na vore wanneer ds. Jacobs skryf: „Wij probeeren onze gemeente van het begin af aan een Evangeliesche strekking te doen aanneem. Kerkgenootschappen verliezen gemakkelijk hier hun particuliere onderscheidingen en worden puur Evangelisch".<sup>76)</sup> Dit was met die „evangelische strekking" wat die Gereformeerdes nie kon inval nie. Vir ds. Jacobs het dit van die begin af dus nie om die kommas en die punte gegaan nie en sy prediking was dus ook van die aard dat almal maar kan kom luister sonder om aanstoot te neem.

Hy skryf dan ook:

„allen N.G., Eng. Gereformeerdes, Herv., Wesleyanen, Presbyterianen, zoo Engelschen als Boeren, willen wij allen in dezelfde voorrechten van de gemeente doen deelen .... men gaat zich echter niet als twee of drie kerken, maar als een Holl. Gereformeerde kerk beschouwen".<sup>77)</sup> Inderdaad ook die Wesleyane. So is Henry Fillmore „Wesliaans" dan ook „aangeneem als lidmaat van onze kerk op zijn geloofsbelydenis, en dat men dus afstappe van de gewone regel in dit verband".<sup>78)</sup> Sy idee van „een Holl. Gereformeerde Kerk", het dus radikaal verskil van die van br. F. Venter. Ook is dit duidelik dat sy begrip van „Gereformeerde" geheel en al verskil het van die van die Gereformeerdes. Hy wou „een Holl. Gereformeerde Kerk" hê wat blykbaar in sy belydenis so ruim moet wees, dat alle gelowe hulle daarbinne sal kon tuis voel. Sy begrip

---

76) Die Kerkbode, 4 September 1907, p.342.

77) Ibid.

78) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule kerkraadsvergadering 24 Maart 1907.

van „Gereformeerd" was sodanig dat Fillmore maar aangeneem kon word „als lidmaat van onze kerk op zijn geloofsbelydenis".<sup>79)</sup>

Ook het sy kerkbegrip verskil van die van die Gereformeerdes. Hy was die tradisionele kollegialistiese kerkbegrip van sy tyd toegedaan. Die plaaslike gemeente was nie vir hom die selfstandige openbaring van die liggaam van Christus nie, maar wel die Sinode. Daarom kon hy hom aanvanklik nie versoen met die gedagte om 'n „selfstandige gemeente te stig, vireers sonder verband nie".<sup>80)</sup> Hy kon so 'n gemeente soos wat die Gereformeerdes dit verlang het, nie anders sien as 'n soort Biskoplike kerk waarvan hy as die enigste leraar dan die status sal hê van Episcopus in partibus infidelium".<sup>81)</sup>

Toe hy in Comodoro Rivadavia met die besondere omstandighede aldaar kennis maak, het hy egter weer heeltemal oorgehel na die ander kant en 'n Independentistiese neiging openbaar: „een Holl. Geref. Kerk .... wat sy particuliere onderskeidenningen moet verloor .... en puur Evangelisch" moet wees.<sup>82)</sup>

Dit is dus goed te verstaan waarom „die Gereformeerdes onder sy bediening nie gelukkig was nie",<sup>83)</sup> waarom hulle selfs hulle kinders nie deur hom wou laat doop nie en besluit het om lievers self hulle kerklike sake te reël.<sup>84)</sup>

---

79) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule kerkraadsvergadering 24 Maart 1907.

80) 'n Dominé, a.w., p.143, 144.

81) Ibid., p.144.

82) Die Kerkbode, 4 Julie 1907, p.343.

83) Lückhoff, ds. A.D., a.w., p.28.

84) „Het Kerkblad", 1 Julie 1907, Brief uit Argentinië gedateer 22 Februarie 1907.

Interessant is, dat hy in die teëstand wat hy van die kant van N.G. kerkraad, die kerkraad van die „Gemeente Kolonia Boera" ondervind het, steeds deur die twee ouderlinge, t.w. Tj. van der Walt en P.H. Henning, wat eers Gereformeerd was, bygestaan en ondersteun is.<sup>85)</sup>

## 2.2. Kerklike imperialisme

Kerklike imperialisme het ook duidelik 'n rol by ds. Jacobs gespeel en moes ten alle koste ook hier gehandhaaf word. In sy ontmoeting met Lombaard<sup>86)</sup> kom dit baie duidelik uit dat hy sy planne t.o.v. die kerklike lewe in Chubut reeds gereed gehad het. Broeder Lombaard, so het hy geskryf, „is heeltemal 'n ander sienswyse toegedaan as ons".<sup>87)</sup> Broeder Lombaard asook br. F. Venter het met hulle voorstelle „eensgezindheid" op die oog gehad.<sup>88)</sup> Maar watter sienswyse was ds. Jacobs toegedaan? Dit blyk uit die vrae wat broeder Lombaard aan hom stel: „Onder watter Ring sou ons gemeente (die Gereformeerdes) moet sorteer? In watter verband tot die kerk as geheel sal ons staan?"<sup>89)</sup> Dit is duidelik: wil die Gereformeerdes kerklike voorregte geniet, laat hulle onder die vlerk van die N.G. kerk in kom. Dit kom eintlik neer op 'n ultimatum — wil julle, dan is dit goed, so nie, los dit dan maar. Dat dit die voorstel en gedagtegang van ds. Jacobs was, blyk baie duidelik uit die res van die vraag van broeder Lombaard nl. „watter kerklike status sal ons (dus die Gereformeerdes) hê?". Soos ds. Jacobs dit wil, sê

---

85) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.79.

86) Sien Hoofstuk 3, p.

87) 'n Dominé, a.w., p.143.

88) Ibid., p.143. Ook N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule 14 Februarie 1907.

89) 'n Dominé, a.w., p.143.

Lombaard, „sal ons nie errens in 'n Presbyteriaanse kerkstelsel inpas nie".<sup>90)</sup> Broeder Lombaard het heelwaarskynlik bedoel „presbeteriale kerkstelsel".

Hierdie gedagtes van ds. Jacobs het tot realisering gekom in die „affiliasie besluit" van die gemeentevergadering van 14 Februarie 1907. Al het hy gewaarsku teen „'n ineensmelting van die twee elemente", was dit tog die mening wat hy toegedaan was. Daar het vir hom slegs een kerk bestaan en die se belange moes hy dien en bevorder.

Hy het dan ook die geldigheid en selfstandigheid van die stigting deur 'n Gereformeerde predikant van 'n gemeente met Ned. Geref. lidmate totaal ontken.<sup>91)</sup>

Met die Gereformeerdes moet daar nie rekening gehou word nie. Hy skryf dan ook later aan Tj. van der Walt „'t verwonder my waarde vrind, dat u, u laat medeslepen door de Gereformeerden die nu willen asen op wat of ik of de N.G. kerk heeft verricht ...."<sup>92)</sup> Duidelik bemark ons hieruit sy afsydigheid teenoor hierdie „onversoerbare element".<sup>93)</sup>

Hierdie ongewenste verhouding tussen die Gereformeerdes en ds. Jacobs, het dus nie 'n eensydige oorsprong gehad nie. Ons het waardering vir hierdie Gereformeerdes wat die moed van hulle oortuiging gehad het om te sê: Ons gaan nie hiermee saam nie. Ons staan liever

---

90) 'n Dominé, a.w., p.143.

91) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.18 Deel II. Hier word verwys na die stigting van die gemeente in 1903 deur ds. L.P.Vorster.

92) Ibid., p.66. Brief van ds. Jacobs aan Tj. van der Walt, 24 Mei 1913.

93) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.27.

as 'n minderheid alleen, maar sal bly stry vir die suiwer Gereformeerde beginsels.

### 2.3. Reaksie in Suid-Afrika ontlok

Hierdie ongewenste verhouding tussen die Gereformeerdes en ds. Jacobs het ook reaksie in Suid-Afrika uitgelok. Dit was op die „45ste Algemene Vergadering van de Geref. Gemeenten in die Kaap Kolonie" waar daar 'n voorstel deur ds. W.J. de Klerk ingedien is dat indien daar 'n Gereformeerde predikant na Argentinië gaan, hy moet „onderzoek instellen naar de oorzaken van hun weigering om by de Ned. Geref. kerk aan te sluiten en op de volgende vergadering rapport uit te brengen".<sup>94)</sup> Hierdie voorstel is nie aanvaar nie, maar die Gereformeerdes in Argentinië wat „Het Kerkblad" ontvang het, het daarop in 'n skrywe gereageer. 'n Sekere br. S.J.K. Venter het geskryf dat hulle teleurgesteld was oor die voorstel: „het spijt ons dat dit voorstel opgenomen is in „Het Kerkblad" meenende dat dit voorstel tot oneer is van de Gereformeerde kerk over de gansche aarde. Als zij naar de redenen willen onderzoek doen, waarom dat wij niet by de Nederduitsche kerk willen aansluiten, kunnen zij maar het boekje van prof. Cachet lezen, die hij tegen ds. Coetzee geschreven heeft, toen hij onze kerk verliet, toen Coetzee gezegd had dat ons kerk niet recht had om te bestaan. Begin te lezen by bladzij 40. Wij hebben niet een predikant noodig om onderzoek te doen, waarom wij niet aansluiten willen ..."<sup>95)</sup> Dit is 'n pragtige

---

94) „Het Kerkblad", 1 Maart 1908, „Byvoegsel tot ..."  
art. 36 van genoemde notule.

95) Ibid., 1 Oktober 1908, „Argentina", brief van  
S.K.J. Venter, gedateer 28 Junie 1908.

getuigskrif vir hierdie Gereformeerdes, wat onbuigbaar was t.o.v. die Gereformeerde beginsels wat vir hulle dierbaar was. Hulle was nie bereid om af te wyk van die weg wat hulle ingeslaan het nie.

Hierna was dit die redakteur van „Die Kerkbode” wat die aandag vir die saak gevra het. Hy was van mening dat daar ondersoek behoort ingestel te word na diegene wat tot ons behoort of deur ons graag bedien wil word. En, so het hy voortgegaan,

„wij zouden zoover willen gaan om te zeggen dat indien de meerderheid aldaar den dienst der Geref. kerk be-geert, wij het werk in haar handen behooren te geven .. wil de Geref. kerk in de geestelijke hoefden dezen uitgewekenen voorzien, laat men dan tot eene verstandhouding komen. Onzes inziens is er voor het tegenwoordige nog geene behoefte aan een tweeden vasten leeraar voor Argentinie”.<sup>96)</sup> Dit was ’n realistiese sienswyse: „laat men tot eene verstandhouding komen”. Ongelukkig het hierdie sienswyse nie verder gekom as die papier waarop dit gedruk was nie. Tot ’n verstandhouding is daar nooit gekom nie en die verdeeldheid op kerklike erf het bly voortbestaan.

Dit was die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika wat vervolgens hierdie saak ter tafel sou neem. Die rapport van die Kommissie vir Hulpbehoewende Gemeentes maak daarvan melding dat 34 belydende lidmate van die Gereformeerde kerk by die N.G. kerk aangesluit het,

„doch de overigen schijnen geen begeerte te hebben om

---

96) Die Kerkbode, 10 Desember 1908, p.638.

zich van den arbeid van ds. Jacobs te bedienen, en de verhouding die er bestaat is eene ongewenschte ..... u Kommissie had in den zin een schrijven aan de Geref. kerk te richten haar vragende hare leden aldaar aan te raden zich onder de bearbeiding van onse leraar te stellen. Doch wegens de belangrykheid ter zaak wil zij liever dat zoodanig schrijven selve geschiede .."<sup>97)</sup> Die Sinode was „wys" genoeg om nie oor hierdie aanbeveling 'n besluit te neem nie. Die Sinode het slegs besluit „om deze zaak in hande van de Kommissie voor het Hulpbehoevende Gemeenten Fonds te laten".<sup>98)</sup> Hierdie verdeeldheid het bly voortbestaan tot nadat ds. Jacobs in 1910 na Suid-Afrika terug is en die twee kerke 'n periode van „samewerking" binne gegaan het. Daaroor handel ons egter in 'n afsonderlike afdeling.

### 3. Pogings tot eie organisasie

Pas na die gemeentevergadering van 14 Februarie 1907, het die Gereformeerdes 'n vergadering bepaal om 'n konsulent te beroep.<sup>99)</sup> Op die stadium was daar 83 belydende lidmate van die Gereformeerde kerk, maar „als hier aanneming gehouen word, so is geskryf, sal sal ons 'n hele paar meer wees".<sup>100)</sup>

#### 3.1. Die Gereformeerdes nader ds. Hamersma om te kom

Hierdie Gereformeerdes het toe blykbaar die beplande vergadering gehou, want op die Sinode van die

---

97) Handeling der 22ste Vergadering van de Synode der Ned. Geref. Kerk in Z.A., gehouen te Kaapstad, Oktober 1909, Veertiende Sitting IV.

98) Ibid., Veertiende Sitting IV.

99) „Het Kerkblad", 1 Julie 1907, Brief uit Argentinië, gedateer 22 Februarie 1907.

100) Ibid.

Gereformeerde kerke gehou op 4 Maart 1907 te Pretoria, rapporteer ds. T. Hamersma, predikant van Philipstown, dat hy reeds van sy kerkraad verlof ontvang het om na Argentinië te gaan. Hy vermeld verder aan die Sinode dat sy reiskoste wanneer hy in Argentinië aankom betaal sal word.<sup>101)</sup> Dit blyk dus dat die Gereformeerdes op die genoemde vergadering besluit het om ds. Hamersma te nader om na Argentinië te kom en dat hulle sy reiskoste sou betaal. Die Sinode was egter 'n ander mening toegedaan en so het hierdie poging van die Gereformeerdes in Argentinië om 'n predikant te verkry, deur die mat geval. In 'n skrywe gedateer 10 April 1907, spreek hulle hulle teleurstelling uit dat ds. Hamersma nie kon kom nie.<sup>102)</sup> Nadat pogings misluk het om 'n predikant uit Noord-Amerika na Suid-Amerika te laat stuur,<sup>103)</sup> het die Gereformeerdes in Argentinië maar weer hulle hoop op Suid-Afrika gevestig. In 'n skrywe gedateer 6 Oktober 1907, rig hulle weer eens die versoek dat

---

101) „Het Kerkblad", 1 April 1907, Verslag van die 15de Synodale vergadering der Geref. Kerk, 4 Maart 1907, Pretoria.

102) „Het Kerkblad", 1 Julie 1907, Brief uit Argentinië, 10 April 1907.

103) Die Sinode van die Geref. Kerk in Suid-Afrika, het in Maart 1907 besluit dat 'n brief aan die Christelike Geref. Kerk gerig moet word, waarin die belange v/d lidmate v/d Geref. Kerk wat na Argentinië verhuis het, aan hulle opgedra word. Die Christelike Geref. Kerk in Noord-Amerika het egter besluit om nie 'n predikant na Suid-Amerika te stuur nie vanweë die hoë koste daaraan verbonde. „Het Kerkblad", 1 April 1907 en 1 Junie 1907.

'n Gereformeerde predikant hulle tog moet kom besoek. Hulle is nog bereid om sy reiskoste daarheen te betaal.

### 3.2. Ds. Hamersma weer gevra

Met betrekking tot hulle geestelike bediening, het die Gereformeerdes egter nie gras onder hulle voete laat groei nie. In 'n skrywe gedateer 5 Februarie 1908, maak die skrywers hulle plan van aksie i.v.m. die aangeleentheid bekend. Hulle berig

- a) dat hulle op 25 Januarie 1908 'n „Kerkvergadering” gehou het,
- b) dat Adriaan Venter, Gert Kruger en Sarel Venter tot 'n bedieningskommissie, verkies is,
- c) dat genoemde kommissie voortdurend d.m.v. korrespondensie moet poog om 'n Gereformeerde predikant uit Suid-Afrika vir hulle te kry,
- d) dat hulle reeds met hierdie skrywe om 'n predikant vra om hulle te kom besoek. Aangesien hulle egter ds. Hamersma goed ken, vra hulle hom om hulle te kom besoek,
- e) dat indien ds. Hamersma nie in die geleentheid is om te kom nie, hulle hom versoek om vir hulle in Suid-Afrika as 'n kommissie te ageer en alle pogings om 'n predikant vir hulle te verkry, sal aanwend,
- f) dat so 'n predikant dringend nodig is, „die ons hier stichten kan als een gemeente”,
- g) dat hulle reeds 1000 pesos d.i. £87 vir die reiskostes van 'n predikant gekollekteer het,
- h) dat die predikant op sy eie koste moet kom en dan sal hulle die £87 hier aan hom oorhandig. (104)

### 3.3. Dr. van Lonkhuijzen ook na Chubut?

Intussen het 'n paar Gereformeerde predikante uit Suid-Afrika wat in Nederland op besoek was, aan die begin van 1908 met dr. J. van Lonkhuijzen 'n onderhoud

---

104) „Het Kerkblad”, 1 Julie 1908, Argentina, Brief J.A. Venter, S.K.J. Venter en G. Kruger, gedateer 5 Februarie 1908.

gehad. Dr. Van Lonkhuijzen het op die punt gestaan om na Argentinië te vertrek om die kerklike lewe onder die Hollanders aldaar te orden. Hiertoe was hy deur die Deputate vir Buitelandse kerke van die Gereformeerde kerke in Nederland versoek.<sup>105)</sup>

Tydens hierdie onderhoud het die betrokke predikante dr. Van Lonkhuijzen ook ingelig oor die aantal Gereformeerdes uit Suid-Afrika wat hulle in Argentinië bevind en sy aandag op hulle geestelike nood gevestig.<sup>106)</sup>

Van hierdie sending van dr. Van Lonkhuijzen is die Gereformeerdes in Chubut nou in kennis gestel. Hulle is verder geadviseer om die dienste van dr. Van Lonkhuijzen te probeer bekom.<sup>107)</sup> Hierdeur het hulle plan nl. òf om ds. Hamersma te bekom òf om deur hom 'n predikant te bekom, weer eens in duie gestort. Ds. Hamersma skryf dan ook na aanleiding van die brief van J.A. Venter e.a.:

„daar de Algemene Vergadering van de Kaap Kolonie aan dr. Van Lonkhuijzen van de Gereformeerde Kerken in Nederland en tans te Buenos Aires vertoevende, gevraagd heeft de geestelijke belangend van onze lidmaten in Chubut ook te behartigen en er reeds verschillende brieven hierover naar Argentina verzonden zijn, kan aan deze zaak niets gedaan worden voor er antwoord ontvangen is”.<sup>108)</sup> Voortaan sou die Gereformeerdes hulle na Buenos Aires wend. So skryf G. Kruger en

---

105) „Het Kerkblad", 1 Maart 1908, „Kerknieuws" uit Philipstown.

106) Ibid.

107) Ibid., De notule van de 45ste Algemene Vergadering van de Geref. Gemeenten in de Kaap Kolonie gehouden te Philipstown, 3 Februarie 1908, art. 36.

108) Ibid., 1 Julie 1908, Kommentaar deur ds. T. Hamersma, 5 Junie 1908.

J.A. Venter dan ook aan ds. Hamersma, dat hulle van die „Algemene Correspondent" van die Algemene Vergadering van die Kaap Kolonie 'n brief ontvang het wat hulle verwys na dr. J. van Lonkhuijzen te Buenos Aires. Hulle versoek ds. Hamersma om sy opdrag, met die oog op die verkryging van 'n predikant, terug te hou tot later: „want wij zijn nu in correspondentie met zijn Eerwaarde Lonkhuijzen om ons hier later te komen bezoeken om ons te orden".<sup>109)</sup>

Dit blyk dat hulle wens om as 'n suiwer Gereformeerde kerk voort te bestaan, uiteindelik nou in vervulling sal gaan. Maar hulle blydschap was van korte duur want, so skryf S.K.J. Venter:

„het spijt ons, dat wij niet door hem (dr. Van Lonkhuijzen) kunnen geholpen worden, daar wij te laat van hem bericht hadden ontvangen, en dat hij veranderd is van plan, om niet meer een volle jaar in Buenos Aires te blijven — maar teruggaat naar Nederland in Augustus."<sup>110)</sup>

Wat die rede vir die spoedige terugkeer van dr. Van Lonkhuijzen was, weet ons nie. Die notule van 10 Julie 1908 van die kerkraadsvergadering van die Holl. Gereformeerde gemeente Buenos Aires, vermeld wel dat dr. Van Lonkhuijzen se moeder in Nederland oorlede is.<sup>111)</sup>

---

109) „Het Kerkblad", 1 September 1908, Argentina, Brief van G. Kruger en J.A. Venter, ged. 15 Mei 1908.

110) Ibid. 1 Oktober 1908, Argentina, Brief S.K.J. Venter, 28 Junie 1908.

111) G.K.A. - Buenos Aires, kerkraadsnotule 10 Julie 1908, art. 1.

Net na 21 Julie 1908 het hy na Nederland terug vertrek.<sup>112)</sup> Hy het egter vroeër reeds aan M.M. Venter (jnr.) geskryf dat hy in Augustus weer na Nederland wil terugkeer, maar dat hy voor Augustus nog na Chubut wil gaan om die Gereformeerdes daar te besoek. Omdat 'n besoek in die tyd vrugtelos sou wees weens die reëns, het die heer Venter hom afgeraai.<sup>113)</sup> En so lees ons in die kerkraadsnotule van 11 Mei 1908 van die Gereformeerde gemeente Buenos Aires „Chubut Dat ds. Lonkhuijzen niet na Chubut kan gaan, wegens de koude ..”<sup>114)</sup>

### 3.3.1. Uitnodiging tot kerklike eenheid

Tog het Van Lonkhuijzen 'n poging aangewend om die Gereformeerdes in hulle kerklike posisie te help. Hy rapporteer aan die kerkraad van Buenos Aires dat hy nie daarheen sal kan gaan nie, „maar schriftelik aan ds. Jacobs is aangevraag om zich met ons op grond van de Gereformeerde belijdenis en Dortsch. Kerken orde zich te vereenigen, en zoo hy het niet doet, dat de Gereformeerden aldar zich selfs tot een Gemeente organiseeren”.<sup>115)</sup>

Kon daar ooit 'n mooier voorstel as hierdie na die N.G. Kerk in Chubut kom? Dr. van Lonkhuijzen en die kerkraad te Buenos Aires het hulle ekumeniese roeping sterk gevoel. Hulle word uitgenooi om met die Holl. Geref. Gemeente van Buenos Aires te verenig op grond van die Gereformeerde Belydenisskrifte en die Dortse Kerkorde. Dit skyn of die bede van ds. Jacobs<sup>116)</sup>

---

112) G.K.A. - Buenos Aires, Kerkraadsnotule 21 Julie 1908.

113) „Het Kerkblad”, 1 September 1908, „Argentina” berig deur T. Hamersma.

114) G.K.A. - Buenos Aires, kerkraadsnotule 11 Mei 1908, art. 3.

115) Ibid.

116) Sien Hoofstuk 3, p.

spoedig besig is om in vervulling te gaan. Maar nee, hy wou die N.G. kerk ten alle koste hier vestig. Verslag uit Argentinië sou hierdeur van die Sinodetafel af verdwyn. Die uitnodiging is van die hand gewys. Dit bly 'n aanklag teen die N.G. kerk dat die uitnodiging tot vereniging op die basis, nie opgevolg is nie. Hierdeur kon die kerklike verdeeldheid wat vir soveel jare die uitbreiding van Gods Koninkryk in Suid-Amerika gestrem het onmiddellik tot 'n einde gekom het.

Die tweede deel van die voorstel van Dr. van Lonkhuijzen is ietwat onduidelik nl.: „en zoo hij het niet doet, dat de Gereformeerden aldar zich selfs tot een Gemeente organiseeren". Was sy gedagte, dat indien ds. Jacobs nie vir vereniging voel nie, ds. Jacobs dan die Gereformeerdes „tot 'n gemeente moet organiseer?" Of moes ds. Jacobs toesien dat die Gereformeerdes hulle self tot 'n gemeente organiseer? Wat Dr. van Lonkhuijzen se gedagte ook was, hiervan het niks tereg gekom nie.

#### 3.4. 'n Nuwe gedagte

'n Nuwe gedagte het egter nou by die Gereformeerdes na vore gekom. Die enigste moontlikheid het geblyk dat hulle by die Gereformeerde gemeente van Buenos Aires aansluit en dan saam 'n predikant beroep: „en dat wij hier door een consulent zullen bediend".<sup>117)</sup>

In verband met hierdie plan van hulle, het hulle met dr. Van Lonkhuijzen gekorrespondeer.<sup>118)</sup> Of daar van hierdie voorneme om by die Gereformeerde Gemeente Buenos

---

117) „Het Kerkblad", 1 Oktober 1908, Argentina, Brief S.K.J. Venter, 28 Junie 1908.

118) Ibid.

Aires aan te sluit iets tereg gekom het, kan nie met sekerheid gesê word nie. In die kerkraadsnotules van die Gereformeerde gemeente Buenos Aires, kon niks in verband hiermee gevind word nie. Wel skryf dr. J. van Lonkhuijzen in 'n brief wat in „Het Kerkblad" gepubliseer is, dat hulle by die Gereformeerde gemeente Buenos Aires aangesluit het en dat hulle begeerte is om deur die predikant van Buenos Aires bedien te word sodra daar een is. Hy vermeld dan verder dat brs. J.A. Venter, S. Venter en G. Kruger tot ouderlinge verkies is.<sup>119)</sup>

Dit wil voorkom asof hierdie berig nie 'n korrekte weergawe van die omstandighede en gebeure was nie. Dr. van Lonkhuijzen het dikwels eiemagtig opgetree en verskeie van sy berigte wat hy na Nederland deurgestuur het, was dubieus.<sup>120)</sup> Blykbaar het hy sonder meer aan die drie broeders wat op die „kerkvergadering" van 25 Januarie 1908 as „Korresponderende Kommissie" verkies is, nou die status van ouderlinge toegeken. Die ongeloofwaardigheid van hierdie berig blyk ook daaruit dat S.K.J. Venter op 28 Junie berig, dat hulle met dr. Van Lonkhuijzen nog in korrespondensie is oor die moontlikheid om by die gemeente Buenos Aires aan te sluit. Drie weke hierna het dr. Van Lonkhuijzen vertrek na Nederland. In 'n skrywe gedateer 18 Julie 1908 aan dr. Van Lonkhuijzen maak die skrywer, Gert Kruger, ook geen melding van reëlins in die verband nie. Dit blyk uit die skrywe dat Van Lonkhuijzen by hulle aange-

---

119) „Het Kerkblad", 1 Desember 1908, „Kerknieuws", Van Lonkhuijzen, J. ongedateerde brief.

120) Rullmann sr. Ds. J.A.C., Een geslaagde mislukking, Sendingscentrum, Baarn, p.31 e.v.

dring het om hulp by die regering te vra om 'n onderwyser te laat kom. Hiervoor is hulle egter nie nou te vinde nie want:

„Een groot en waarlijke behoefte (al hier) zijn een Evangelie Dienaar. Zoodra als we hier een Leeraar hebben, kunnen wij al de school zaken door .... hom regelen".<sup>121)</sup> Geen reëlings met die oog op die bevestiging van ampsdraers word hier vermeld of getref nie.

In 'n land soos Argentinië waar die kommunikasiemiddele destyds so skraal was, waar die enigste verbinding tussen die Boerekolonie en Buenos Aires 'n seeroete was, is dit byna onmoontlik dat bogenoemde saak afgehandel kon word tussen die skrywe van Venter op 28 Junie 1908 en die vertrek van dr. Van Lonkhuijzen na 21 Julie 1908. Hierdie berig dat die Gereformeerdes in die Boerekolonie in die suide van Argentinië by die Gereformeerde kerk in Buenos Aires aangesluit het, het egter die uitwerking in Suid-Afrika gehad dat meerdere vergaderings nou tevrede en bly was „dat die lidmate van Argentinië by die Gereformeerde gemeente aangesluit het en hoop dat hulle nou behoorlike geestelike versorging geniet".<sup>122)</sup>

Dit was dus nou die posisie van die Gereformeerdes in Argentinië in 1909 : hulle was nog steeds nie as 'n gemeente geïnstitueer nie, in Suid-Afrika was die Gereformeerde kerke op grond van die berig van dr. Van Lonkhuijzen nou tevrede dat hulle kerklik versorg was. Dus het die Geref. kerk in Suid-Afrika hulle nie verder

---

121) G.K.A. - Buenos Aires, Gert Kruger, Brief aan Van Lonkhuijzen, 18 Julie 1908.

122) „Het Kerkblad", 1 Maart 1909, notule van die 46ste Algemene Vergadering van die Geref. Gemeente in de Kaap Kolonie, Burgersdorp, 1 Februarie 1909, art. 41.

oor die geestelike versorging van die Gereformeerdes in Argentinië bekommer nie. So is die Gereformeerdes in die Boerekolonie aan hulleself oorgelaat.

### 3.5. Die Gereformeerde Kerk Chubut geïnstitueer

Intussen het die Gereformeerde gemeente van Buenos Aires 'n predikant gekry in die persoon van ds. A.C. Sonneveldt.<sup>123)</sup> Op Sondag, 1 Januarie 1911 is hy as herder en leraar van die gemeente bevestig.<sup>124)</sup> Die Gereformeerdes in die Boerekolonie wat op hoogte gebly het van die kerklike ontwikkelinge in Buenos Aires, het dan ook dadelik met ds. A.C. Sonneveldt in verbinding gekom en in 1911 reeds 'n uitnodiging aan hom gerig om hulle te kom besoek.<sup>125)</sup>

Ds. Sonneveldt het gunstig op die uitnodiging gereageer. Hy het dan ook die nodige verlof om te gaan van sy kerkraad ontvang. So het hy met sy vrou aan die einde van Desember 1912 na Chubut vertrek.<sup>126)</sup> Dat die vreugde en die blydschap onder die mense groot was, het byna nie vermelding nodig nie. So skryf ds. Sonneveldt dan ook:

„De ontvangst was hartelijk en de goede opkomst onder de prediking des Woords getuigde van waardeering en behoefte ... eigenaardig - echt Afrikaansch - was het,

---

123) In 'n aparte afdeling handel ons breedvoeriger oor ds. Sonneveldt en sy koms na Buenos Aires.

124) G.K.A. - Buenos Aires, notule gemeentevergadering 22 Desember 1910.

125) G.K.A. - Buenos Aires, A.C. Sonneveldt, brief 20 Jan. 1932 aan A. Rosing, Kaapstad.

126) G.K.A. - Buenos Aires, Sonneveldt, ds. A.C., Waarheid in Chubut, Hf. II in Kerkblad voor Z.A. Jrg. 4, Julie 1930 no. 41.

te sien hoe mannen en vrouwe in wagens en te paard soms uren ver kwamen, om in deze schier onbewoonde en woeste wêreld zich in een tent om Gods Woord te verenigen".<sup>127)</sup>

Vir die eerste keer sedert hulle vertrek uit Suid-Afrika het die Gereformeerdes weer die voorreg gehad om na 'n Gereformeerde predikant te luister. Die Gereformeerdes het in hulle pogings geslaag om 'n Gereformeerde predikant daar te kry. Daarvoor het hulle reeds jare geywer met o.a. die oog daarop „om hulle te orden”.<sup>128)</sup> So het die oomblik dan ook aangebreek dat hulle as 'n gemeente geïnstitueer kon word. Hierdie historiese gebeurtenis is dan ook deur ds. Sonneveldt tydens hierdie eerste besoek van hom in 1913 verrig. Die gemeente sou voortaan bekend staan as „Die Gereformeerde kerk Chubut”,<sup>129)</sup> Ouderlinge en diakens is gekies en in hulle onderskeie ampte deur hom bevestig.<sup>130)</sup>

Oor die stigting van die gemeente het daar vir baie jare twyfel bestaan. Immers, die stigting van die Gereformeerde kerk aldaar is geheel en al ontken. So skryf Conradie „waar en wanneer die Gereformeerde gemeente hier gestig was en kerkraadslede gekies het, kon ek tot vandag toe nog nie uitvind nie. Dis moontlik dat hulle in Buenos Aires tot die status gekom het -

---

127) G.K.A. - Buenos Aires, Sonneveldt, ds. A.C., aan „de Deputaten der Geref.Kerken in Nederland voor de behartiging der belangen van de geloofs- en stamverwanten in Argentinië, 18 Junie 1913.

128) „Het Kerkblad", 1 Sept. 1908, Brief G. Kruger en J.A. Venter aan T. Hamersma, 15 Mei 1908.

129) G.K.A. - Buenos Aires, Sonneveldt, ds. A.C. „Waarheid in Chubut", Hf. 6 in die Kerkblad voor Z.A., Julie 1930.

130) Ibid., Sonneveldt, ds. A.C. aan „de Deputaten der Geref. Kerken in Nederland voor de behartiging der belangen van de geloofs- en stamverwanten in Argentinië, 18 Junie 1913.

maar dis enpassant".<sup>131)</sup> Self aan dr. Henry Beets, 'n predikant van die Christelike Gereformeerde kerk in Noord-Amerika, het hy geskryf dat sover plaaslik bekend is, die gemeente nooit gestig is nie.<sup>132)</sup> Hierdie bewerings blyk egter heeltemal ongegrond te wees en dit was versprei bloot om agterdog te verwek en onmin te saai.

Tydens hierdie besoek van ds. Sonneveldt, wat 6 weke geduur het, het hy by 25 openbare geleenthede die Woord van God verkondig, 12 keer by huisgodsdiensoefeninge. Hy het 60 kinders gedoop en 11 persone belydenis van die geloof laat aflê. Op agt verskillende plekke het hy Nagmaal bedien.

So het die besoek ten einde geloop en was dit reeds tyd dat ds. Sonneveldt na Buenos Aires moes terugkeer. In Comodoro Rivadavia het die Boere van heinde en ver saamgekom, ongeveer 200 persone. Die Saterdagavond voor sy vertrek is daar 'n voorbereidingsdiens gehou. Sondag is beide sakramente bedien en die namiddag het ds. Sonneveldt sy afskeidspreek gehou met as teks: „Zeg den kinderen Israëls, dat sij voortrekken". Hierna het een van die ouderlinge „met bewogen stem voor den volbrachten arbeid" 'n dankwoord gespreek waarna die aanwesiges ds. Sonneveldt Psalm 134 : 3 toegesing het.<sup>133)</sup>

---

131) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D., a.w., p.85.

132) Ibid., p.9.

133) G.K.A. - Buenos Aires, Sonneveldt, ds. A.C. aan „de deputaten der Geref. Kerken in Nederland voor de behartiging der belangen van de geloofs- en stamverwanten in Argentinië" - 18 Junie 1913.

So het die eerste besoek van ds. Sonneveldt geëindig. Die Gereformeerde kerk Chubut was geïnstitueer. Voortaan sou daar twee kerke onder die Afrikaners in Argentinië bestaan t.w. die Nederduitse Gereformeerde kerk en die Gereformeerde kerk.

4. Die Geref. Kerke in Suid-Afrika en die Gereformeerdes in Argentinië

Die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika het van die staanspoor af 'n verantwoordelikheidsgevoel teenoor die Gereformeerdes in Argentinië openbaar. Voordat die Sinode van die Gereformeerde kerke in 1907 die geestelike bearbeiding van hierdie mense ter tafel geneem het, was dit veral ds. L.P. Vorster wat dit ten behoeve van hierdie mense opgeneem het. Behalwe dat hy in 1903 met die Trek van C.J.N. Visser meegegaan het en die Trekkers in 'n gemeente georganiseer het, het hy hom nadat die N.G. Kerk van die Kaapkolonie ds. A.J. Jacobs daarheen gestuur het, beywer vir die geestelike bearbeiding van die Gereformeerdes. Ds. Vorster en so ook die Sinode van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika, het van die gedagte uitgegaan dat dit onmoontlik is om hierdie mense vanuit Suid-Afrika te bedien.<sup>134)</sup>

So was ds. Vorster met ds. A.J. Brink van Orange City in die V.S.A. in korrespondensie oor die bearbeiding van die Gereformeerdes, deur die Christelike Gereformeerde kerk van Noord-Amerika.<sup>135)</sup> Ds. Brink het

---

134) G.K.A. - Buenos Aires, Vorster, ds. L.P. Brief aan ds. A. Keizer, 19 Maart 1904, Sien verder Handeling van 15de Sinodale vergadering van die Geref. Kerke in Suid-Afrika, 4 Maart 1907.

135) "Het Kerkblad", 1 April 1907, Verslag van 15de Sinodale vergadering van die Geref. Kerke, 4 Maart 1904.

inderdaad sy aandag aan die saak geskenk en aan 'n sekere mnr. Broens in Buenos Aires geskryf vir informasie oor die kerklike lewe in Argentinië. Die naam van mnr. Broens is heelwaarskynlik deur ds. Vorster aan ds. Brink verskaf. Mnr. Broens skryf egter aan ds. Brink dat hy dit sleg getref het om by hom aan te klop vir informasie oor kerklike aangeleenthede: „ik sta daar geheel buiten — ds. Vorster voor wien ik groot achting heb — had dit moeten weten”.<sup>136)</sup>

Aan die Sinode van 1907 rapporteer ds. Vorster dat hierdie korrespondensie tussen hom en ds. Brink op niks uitgeloop het nie.<sup>137)</sup> Die bearbeiding van die Gereformeerdes het op dié Sinode wye bespreking uitgelok. Ons gee enkele van die gedagtes wat in die besprekinge na vore gekom het, hier weer. Ds. Vorster was van mening dat 'n brief aan die Christelike Gereformeerde kerk in Noord-Amerika gerig moet word en dat die geestelike belange van die Gereformeerdes in Chubut aan hulle opgedra moet word. Ds. J.A. du Plessis het voorgestel dat ons iemand na Noord- en Suid-Amerika moet stuur. Ons moet prakties wees, het hy gesê, en nie angsvallig na alles vra nie, maar handelend optree. Ds. Hamersma het bekend gemaak dat hy reeds verlof van sy kerkraad ontvang het om na Argentinië te gaan en dat sy reiskoste daar sou terugbetaal word. Verskeie persone het hulle egter teen die gaan van ds. Hamersma

---

136) G.K.A. - Buenos Aires, Broens, Brief aan ds. A.J. Brink, gedateer Januarie 1905.

137) Handeling van die 15de Synodale Handeling der Geref. Kerke in Zuid-Afrika, 4 Maart 1907.

uitgespreek want hulle wil nie 'n tweede Humpata<sup>138)</sup> hê nie. Juis hierom, so het ds. M. Postma gevoel, moet ds. Hamersma gaan, want Humpata het ryke vrugte opgelewer. Ander argumente waarom daar gevoel is dat ds. Hamersma nie moet gaan nie was „dat de predikanten nu reeds zoo rond gejaagd worden. Er is geen huisbezoek in de consulentengemeenten meer. Eerst moet ons eigen huis verzorgd worden". Ouderling Venter van Philipstown het gepleit dat die mense besoek moes word. Die Sinode sal dan sien dat hulle spoedig self sal beroep. Hy beskou dit verder as „zendingwerk van het echte soort".<sup>139)</sup>

Die Sinode het egter besluit om 'n brief aan die Christelike Gereformeerde kerk van Noord-Amerika te rig en om hulle te versoek om na die geestelike belange van die Gereformeerdes in Argentinië om te sien. Prof. Cachet, di. M. Postma, L. Vorster en T. Hamersma is as 'n kommissie aangewys om bovermelde brief op te stel.<sup>140)</sup>

Die brief is opgestel en gestuur, maar in 'n skrywe aan ds. M. Postma, algemene korrespondent van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika, berig dr. H. Beets dat dié Sinode besluit het om geen Bedienaar van die Woord na Suid-Amerika te stuur nie: „van wege

- 
- 138) Humpata was die deel in Angolo waar 'n aantal Suid-Afrikaners hulle gevestig het en wat ook deur die Geref. Kerk uit Suid-Afrika bedien is.  
 139) Handeling van die 15de Synodale Vergadering der Geref. Kerken, 4 Maart 1907, Pretoria.  
 140) Ibid.

de enorme koste".<sup>141)</sup> Dit was vervolgens die „Algemene vergadering van de Geref. Gemeenten in de Kaap Kolonie", gehou op 3 Februarie 1908, wat aandag aan die bearbeiding van die Gereformeerdes in Argentinië geskenk het.

Op hierdie vergadering het daar die volgende beskrywingspunt van die Gereformeerde gemeente Burgersdorp gedien: „Wat zal van wege de Algemene Vergadering gedaan worden voor de uitgewekenen in Argentinië".<sup>142)</sup> Daar was egter niks offisieel van die kant van die Gereformeerdes in Argentinië op die tafel nie. Ds. T. Hamersma het die vergadering ingelig oor die sending van dr. J. van Lonkhuijzen na Argentinië deur die Gereformeerde kerke in Nederland. Hierop het die vergadering besluit om die Gereformeerdes in Argentinië te laat weet van die besoek van dr. Van Lonkhuijzen en van die moontlikheid om deur hom gehelp te word.<sup>143)</sup> Dit blyk ook dat 'n brief deur die Algemene Vergadering aan dr. Van Lonkhuijzen gerig is en dat hy gevra is om ook die geestelike belange van die Gereformeerdes in Chubut te behartig.<sup>144)</sup> Van hierdie verwagtinge van die Algemene Vergadering het daar egter niks gekom nie, want dr. Van Lonkhuijzen het nooit 'n besoek aan Chubut gebring nie daar hy in Augustus 1908 weer na Nederland terug is.<sup>145)</sup>

Die Gereformeerdes in Argentinië het wel in korres-

---

141) „Het Kerkblad", 1 Junie 1907, Beets, dr. H. brief aan ds. M. Postma, 15 April 1907.

142) „Het Kerkblad", 1 Maart 1908, De notule van de 45ste Algemene Verg. van de Geref. Gemeenten in de Kaap Kolonie, 3 Febr. 1908, art. 36.

143) „Het Kerkblad", 1 Maart 1908, Ibid., art. 36.

144) Ibid., 1 Julie 1908, Hamersma, ds. T. meededeling.

145) G.K.A. - Buenos Aires, notule Kerkraadsvergadering, 11 Mei 1908, art. 3.

pondensie getree met dr. Van Lonkhuijzen en was van plan om nou by die Gereformeerde kerk in Buenos Aires aan te sluit.<sup>146)</sup> Dit is te betwyfel of hiervan iets tereg gekom het gedurende die verblyf van dr. Van Lonkhuijzen in Buenos Aires.<sup>147)</sup>

Tog rapporteer die korrespondent van die Algemene Vergadering op die vergadering van 1 Februarie 1909, dat uit skrywes van dr. Van Lonkhuijzen, blyk dat die Gereformeerde lidmate in Chubut by die Gereformeerde gemeente Buenos Aires aangesluit het.<sup>148)</sup>

Dit het ten gevolg gehad dat die vergadering besluit het: „wij verblijden ons dat de lidmaten van Argentina by de Geref. Gemeente te Buenos Aires aangesloten zijn en hopen dat zij nu behoorlike geestelijke verzorging genieten”.<sup>149)</sup>

Met hierdie besluit het Argentinië vir 'n hele aantal jare van die tafel van die meerdere vergaderings van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika verdwyn. Tot en met 1915 tref ons altans nie weer iets i.v.m. Argentinië aan nie.

---

146) „Het Kerkblad”, 1 Oktober 1908, Venter, S.J.K.  
’n Brief in „Het Kerkblad”.

147) Sien Hoofstuk 4, p.

148) „Het Kerkblad”, 1 Maart 1909, notule van die  
46ste Algemene Vergadering van die Geref.  
Gemeenten in de Kaap Kolonie gehou op  
1 Februarie 1909, art. 4.

149) Ibid., art. 41, punt 4.